Saam bou ons ’n nalatenskap ~ vandag!
Building a legacy together ~ today!

Laerskool VAN RIEBEECKPARK Primary
DOELGERIG

Riebie Klanke

Jaargang 25 |KORONA-WEERGAWE | 25 FEBRUARIE 2021 |d6 Communicator www.riebie.co.za

Hooftrekke

“Life is like riding a bicycle. To keep your balance, you must keep moving.”
~ Albert Einstein ~

AKADEMIE

Die leerders se eerste twee weke terug by die skool was werklik ‘n positiewe ervaring. Ek wil elke ouer en onderwyser gelukwens, en uit my hart uit bedank, vir die motivering en ondersteuning wat u vir ons kinders gee.

Baie dankie aan die talle ouers wat die Inligtingsdae bygewoon het. Die erns waarmee u die akademiese jaar saam ons aanpak is opvallend en verblydend.

Die atmosfeer by die skool is een van: “Dit is lekker om terug te wees en ons is reg om te leer!!!”.

Die skool se akademiese pas sal stadig maar seker toeneem en die leerders, personeel, en ouers sal met ‘n positiewe ingesteldheid vinnig die tempo weer baasraak.

Ek herinner ouers dat die Graad 2 en Graad 3 leerders reeds vanaf 1 Maart 2021 weer vol sal skoolgaan. Die beplanning is dat Graad 4, 5, 6 en Graad 7 leerders op 8 Maart 2021 volledig sal terugkeer. ***Lees asseblief meer hieronder in die Riebie Klanke....***

Hou in gedagte dat hierdie beplanning slegs kan realiseer binne aankondigings vanaf regeringsvlak en dat dit enige tyd herroep kan word.

Baie dankie vir u positiewe ondersteuning.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

U sal merk dat die skool baie klem lê op volledige ontwikkeling van die kinders (Akademie, Sport en Kultuur). Personeel is reeds in die middae besig om vir die leerders geleenthede te skep om by buitemuurse aktiwiteite betrokke te wees.

Die uitdaging om by aktiwiteite betrokke te raak, is dat daar dissipline en ‘n vaste roetine vir huiswerk, studietyd en oefening moet wees. Omdat kinders die beste funksioneer binne reëls, is dit belangrik dat ouers hierdie grense stel.

Baie dankie vir die groot aandeel wat u het met die ontwikkeling van ons leerders.

AANHOUER WEN

Die lewe is vol uitdagings, en dit vereis deursettingsvermoë. In ‘n tyd waar onmiddellike bevrediging ‘n sterk dryfkrag is, word dit al hoe belangriker dat ouers hulle kinders sal leer om met ‘n taak vol te hou totdat dit afgehandel is. Selfs al is dit nie altyd pret nie.

Diep in elke ouerhart is daar die begeerte om die lewe vir jou kind so maklik moontlik te probeer maak. 'n Stemmetjie wat sê dat daar oorgenoeg uitdagings in hierdie lewe is - “Ek sal aan my kind se kant wees!”. Dit is goed en reg.

Maar ons leef ook in 'n tyd waar tegnologie ons kinders leer dat dit wat jy doen, báie vinnig moet bevredig. Anders los jy dit.

Voeg bogenoemde bymekaar en jy kry ‘n tipiese situasie waar jou kind, na 'n halwe kwartaal se ballet klasse, sal kom sê: "Ek is nie meer lus nie!" – en jy heel gemaklik daartoe instem dat dit gestaak kan word. "Toemaar, my kind,” sê jy dan, “jy hoef niks te doen wat jy nie wil doen nie."

Is dít goed en reg? Is dit werklik die beste wat jy vir jou kind kan doen?

LAAT-MAAR-GAAN

Alhoewel dit sekerlik minder konflik sal veroorsaak om 'n kind te laat ophou met 'n aktiwiteit waarvoor hy of sy nie meer lus is nie, is dit nie 'n goeie lewensles nie. Dit kan jou kind leer dat ander dinge in die lewe ook gelos kan word, wanneer hy of sy nie meer daarvoor lus is nie, of indien dit te moeilik word.

So ‘n kind kan later dieselfde houding hê teenoor leerwerk wat moeite en tyd verg, of met 'n ingewikkelde skoolprojek. Dit kan selfs tot 'n laat-maar-gaan-leefstyl ontwikkel, en later uitkring na verhoudings, die akademie en die beroepslewe.

Me Wietske Boon, ‘n Spelterapeut van Centurion, is dit hiermee eens. Sy voeg by:

“Kinders moet leer dat hulle dit wat hulle aanpak – of hulle dit vrywillig doen of nie – moet voltooi. In baie gevalle het die kind nog nie lank genoeg geoefen nie, en dan word daar sommer handdoek ingegooi. Dit is moontlik dat hulle dit met meer oefening sal baasraak. As dit dán nie kan nie, bied dit 'n geleentheid om te leer hoe om teleurstellings te verwerk.

Kinders moet van jongs af leer om klaar te maak waarmee hulle begin. Dit behoort deel van hulle denkpatroon en benadering tot die lewe te wees. As jou kind besluit om 'n legkaart te bou, moet dit voltooi word, al is dit met hulp. Inkleurprentjies moet volledig ingekleur word. Nié 'n stukkie op een prentjie, en dan 'n stukkie op 'n ander prentjie nie.

Dit leer kinders van vroeg af die ingesteldheid om hulle take te voltooi. Dit bied ook 'n gevoel van prestasie en die tipiese bevrediging by die voltooiing van ‘n aktiwiteit.

- Bespreek aan die begin van die kwartaal, of met die begin van 'n nuwe aktiwiteit, wat die wedersydse verwagtinge is. Hokkie, netbal en rugby moet byvoorbeeld vir die hele seisoen lank volgehou word. Daar is immers die ander spanlede en die afrigter wat op die kind se deelname staatmaak.

- Leer jou kind om korttermyn- en langtermyn-doelwitte te stel en te beplan. Vestig ‘n hapgrootte-beginsel: Wanneer jou kind met ‘n aktiwiteit sukkel, verdeel dit in kleiner porsies en pak dit stuk-stuk aan.

- Gee erkenning vir deelname en ywer**.** As jy net op die eindresultaat of uiteindelike prestasie fokus, kan kinders moedeloos raak.

- Moenie bang wees vir die emosies en ongemak wanneer jou kind sukkel nie. Bespreek die frustrasie met jou kind. Help hom of haar om uiting aan moedeloosheid te gee.”

LEERDERS NA SKOOL

Dit is opvallend hoeveel kinders na skool in die middae voor die skool vir hul ouers wag. Ek is werklik bekommerd oor die veiligheid van hierdie leerders. Dit is so dat baie van die leerders nie betrokke is by skoolaktiwiteite in die middae nie en steeds in die middae vir hul ouers wag om afgehaal te word.

Die skool kan nie die veiligheid van hierdie leerders verseker nie.

Ek vra dat ouers bewus is van hul kinders se skool-programme in die middae en die nodige reëlings tref om hul kinders te laat afhaal.

Vir ouers wat nie hul kinders kan afhaal nie, beskik die skool oor ‘n Naskoolsentrum wat vir u kinders ‘n veilige hawe in die middae bied waar hulle, hul huiswerk onder toesig kan voltooi en ‘n gesonde maaltyd kan geniet. Maak asseblief gebruik van die geriewe.

Ek het groot waardering vir u positiewe ondersteuning in bogenoemde verband.

VERKEER OM DIE SKOOL

U kinders en ons leerders is ons kosbaarste besitting en hul veiligheid en sekuriteit is vir ons van kardinale belang.

Hou asb in gedagte dat vanaf Maandag kom ons Graad 2 en Graad 3 leerders ook 100% terug skooltoe, en kongestie sal verseker toeneem.

Met die groot volumes verkeer (oggend en middae) om die skool, kan die veiligheid van ons leerders bedreig word indien ons nie gesonde oordeel gebruik nie. Ons doen ‘n ernstige beroep op ons ouers om alle padreëls te volg wanneer u om die skool ry.

“Geduld” is die wagwoord! Neem asseblief alle padgebruikers, voertuie, en veral voetgangers, in ag.

ARTIKEL 18 A

Donasies aan Laerskool Van Riebeeckpark kwalifiseer vir aftrekking van inkomstebelasting, *ingevolge Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet*.

'n Geldige belastingkwitansie sal deur die skool aan die skenker voorsien word, as bewys van die ontvangste van ‘n bona fide donasie.

Ouers, enige ander persone en selfs besighede, wat 'n bona fide donasie maak aan Laerskool Van Riebeeckpark, is geregtig op 'n belasting aftrekking van die donasie teenoor hulle belasbare inkomste indien:

1. *Die eis ondersteun word deur die geldige kwitansie vir die donasie wat gemaak is; en*
2. *Die donasie nie meer as 10% van die skenker se jaarlikse belasbare inkomste oorskry nie.*

SKOOLGELDE VIR 2021

GRAAD 1

❖ Tydens inskrywing	R 1, 450.00
❖ 1 Januarie 2021 – 1 November 2021 (R1, 450.00 x 11 maande)	R15, 950.00
TOTAAL	**R17, 400.00**

OF

❖ Tydens inskrywing	R 1, 450.00
❖ Eenmalige betaling van R14, 500.00 vir skoolfonds voor of op 28 Februarie 2021, om te kwalifiseer vir een maand korting (R15, 950.00 - R1, 450.00 = R14, 500.00).	R14, 500.00
TOTAAL	**R15, 950.00**

GRAAD 2 – GRAAD 7

❖ 1 Januarie 2021 – 1 November 2021 (R1, 450.00 x 11 maande)	**R15, 950.00**

OF

❖ Eenmalige betaling van R14, 500.00 vir skoolfonds voor of op 28 Februarie 2021, om te kwalifiseer vir een maand korting (R15, 950.00 - R1, 450.00 = R14, 500.00).	
TOTAAL	**R14, 500.00**

GRAAD R

❖ Tydens inskrywing	R 1, 530.00
❖ Skoolgelde (R1, 530.00 x 12) - die eerste maand se betaling moet gedoen word voor of op 30 November 2020 en die laaste betaling teen 1 November 2021.	R18, 360.00
TOTAAL	**R19, 890.00**

OF

❖ Tydens inskrywing	R 1, 530.00
❖ Eenmalige betaling van R16, 830.00 voor of op 28 Februarie 2021, om te kwalifiseer vir een maand korting (R19, 890.00 - R1, 530.00 = R18, 360.00).	R16, 830.00
TOTAAL	**R18, 360.00**

Algemeen:
Ouers moet asseblief daarop let dat die skoolgelde vir 2021 jaarliks gehef word en nie maandeliks nie.

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Naskoolgelde (R785.00 x 12)	R9, 420.00
TOTAAL	**R9, 420.00**

- ❖ R785.00 x 12 maande waarvan die eerste maand se betaling gedoen moet word voor of op 1 Januarie 2021 en die laaste betaling teen 1 Desember 2021.

OF

- ❖ Eenmalige betaling van **R8, 635.00** voor of op 28 Februarie 2021, om te kwalifiseer vir een maand korting (R9, 420.00 - R785.00 = R8, 635.00).

TERUGKEER VAN LEERDERS

- **SKOOLTYE EN OGGENDROETINE**
- Toegangshekke maak in die oggende om 06:45 oop.
- Leerders se hande word by die hekke gesaniteer.
- Leerders se temperatuur word by die hekke geneem.
- Temperatuur word weer in die klasse geneem en dan aangeteken.

TOEGANGSHEKKE VERANDER VANAF 8 MAART 2021 – ONS SAL IN VOLGENDE WEEK SE RIEBIE KLANKE DIE INLIGTING DEURGEE.

WAT GEBEUR 1 MAART 2021 – 5 MAART 2021 MET GRAAD 4 – GRAAD 7?

1 Maart: Roosterdag 5 vir Graad 5 & 7
2 Maart: Roosterdag 1 vir Graad 5 & 7
3 Maart: Roosterdag 2 vir Graad 4 & 6
4 Maart: Roosterdag 3 vir Graad 4 & 6
5 Maart: Roosterdag 2 vir Graad 5 & 7

V Botha | Skoolhoof

Akademie

ALGEMEEN

`n Vriendelike versoek dat ouers asseblief die volgende kanaal vir navrae sal volg:

GRONDSLAGFASE (GRAAD RR – GRAAD 3)
Klasonderwyseres → Departementshoof Grondslagfase (Me A Opperman) → Adjunkhoof Grondslagfase (Me E van Niekerk) → Skoolhoof (Mnr V Botha).

INTERSENFASE (GRAAD 4 – GRAAD 7)
Algemene welstand van leerders:
Klasonderwyser/es → Departementshoof Opvoedkundige Leiding (Me A Mulder) → Adjunkhoof Intersenfase (Mnr H van Staden) → Skoolhoof (Mnr V Botha).

Akademiese navrae:
Vakpersoneellid → Departementshoofde (Me A Mulder; Mnr W Bester, Me J Ruthven) → Adjunkhoof Intersenfase (Mnr H van Staden) → Skoolhoof (Mnr V Botha).

Sportnavrae:
Sportkode-afrigter → Departementshoof (Mnr W Bester) → Skoolhoof (Mnr V Botha).

Kultuurnavrae:
Kultuurkode-afrigter → Departementshoofde (Me A Mulder vir Redenaars en Kunswedstryd; Me J Ruthven vir Kore en Revue) → Skoolhoof (Mnr V Botha).

"READ TO LEAD" PROGRAM

6 Redes waarom Riebies moet lees:

1. Lees bou woordeskat.
2. Lees verbeter konsentrasie en help ons om te ontspan.
3. Lesers spel beter.
4. Lees kan ook 'n sosiale aktiwiteit wees.
5. Woorde is boustene - selfs in tegnologie.
6. Lees is die sleutel tot opvoeding, opleiding en 'n kwaliteit lewe.

" Lees is om met oop oë te droom"

~ Taalgenoot ~

Sport

ATLETIEK

Hiermee ’n kort opsomming van die nuutste Atletiek - Suid-Afrika vergadering wat op 17 Februarie 2021 plaasgevind het:

- Geen skole mag atletiek hê nie;
- Geen skool kompetisies mag plaasvind nie;
- Geen skool, provinsiale of nasionale atletiek byeenkomste mag plaasvind nie;
- Voorstel dat Laerskole atletiek geskuif word na die laaste week van November 2021; en
- Skole kan met atletiek-programme in September 2021 begin, na die afloop van die Landloop Kampioenskappe.

Aangaande bogenoemde inligting is die volgende besluit geneem rakende atletiek by Laerskool Van Riebeeckpark.

Daar sal ongelukkig geen meer atletiek-oefening vanaf 25 Februarie 2021 plaasvind nie, omdat die klub-atletiek aangedui het dat daar moontlik nie voorsiening vir laerskool leerders by die klub byeenkomste gemaak gaan word nie.

NETBAL OEFENING

Hiermee die oefentye vir die verskillende oefengroepe. Ouers en dogters moet asseblief daarop let dat slegs vaardighede geoefen gaan word. Dogters moet asseblief van die sporthek, agter die verspringputte, gebruik maak wanneer hulle die terrein binnekom en verlaat.

Maandag: 1 Maart 2021

TYD	HOKKIE ASTROBAAN	BAAN 1	BAAN 2	BAAN 3	BAAN 4
13:45 – 14:45	O/7 & O/8				
14:15 – 15:00		O/10 Proewe	O/11 A & B	O/12 A & B	Al die O/9’s
15:00 – 15:45		O/13 A & B	O/13 C & O/12 C	O/11 C & O/10 C	

Dinsdag, 2 Maart 2021 tot Donderdag, 4 Maart 2021

TYD	HOKKIE ASTROBAAN	BAAN 1	BAAN 2	BAAN 3	BAAN 4
13:45 – 14:45	O/7 & O/8				
14:15 – 15:00		O/12 A & B	O/11 A & B	O/10 A & B	Al die O/9’s
15:00 – 15:45		O/13 A & B	O/13 C & O/12 C	O/11 C & O/10 C	

RUGBY OEFENING

Die rugby oefening gaan fokus op vaardighede en geen fisiese kontak sal plaasvind nie. Indien leerders nie die dag by die skool is nie en die middag oefen, moet hulle asseblief van die sporthek agter die verspringputte gebruik maak, waar hul temperatuur gemeet sal word voordat hulle die oefening kan bywoon. Alle COVID-19 regulasies sal gevolg word. Seuns moet hul eie waterbottels saambring.

Oefentye:

MAANDAE	O/9 & O/10	14:15 – 15:00
	O/11, O/12 & O/13	15:00 – 15:45
DINSDAE	O/11, O/12 & O/13	14:15 – 15:00
	O/9 & O/10	15:00 – 15:45
WOENSDAE	O/9 & O/10	14:15 – 15:00
	O/11, O/12 & O/13	15:00 – 15:45
DONDERDAE	O/11, O/12 & O/13	14:15 – 15:00
	O/9 & O/10	15:00 – 15:45

Oefentye: O/7 en O/8

MAANDAE	13:40 – 14:15
WOENSDAE	13:40 – 14:15

TENNIS

Bly kalm... tennis oefening begin ! 😊

Oefeninge sal op Dinsdae en Donderdae vanaf 06:00 – 07:15 by die skool plaasvind. Leerders kan hul LOV klere aantrek met tekkies. Bring jou eie waterbottel en tennisraket saam.

You only live once, but you get to serve twice!

Kultuur

REVUE

Baie dankie aan al die leerders wat die finale oudisies bygewoon het. Die skool is baie opgewonde om die revue-jaar af te skop! Leerders wat gekies is sal ‘n gelukwense brief ontvang. Lees asseblief die brief met die volledige inligting in.

Die revue sal vir oefening doeleindes in twee groepe verdeel word. Dit sal ook soms gebeur dat die groepe omgeruil sal word, sodat groep 2 nie altyd die laat oefentyd het nie.

Oefen sal eers op 8 Maart 2021 begin

Groep 1 17:00 – 18:30
Groep 2 18:30 – 20:00

KORE

Juniorkoor

Die skool sien baie daarna uit om met kooroefening te begin. Ons glo elke koorlid is net so opgewonde! Die eerste oefening sal reeds op 4 Maart 2021 vanaf 13:45 – 15:00 begin.

Graad 1 en Graad 2 leerders beweeg reeds om 13:30 na die saal, waar ons sal saniteer en register sal neem. Graad 3 leerders beweeg om 13:45 na die saal en dieselfde proses sal gevolg word.

Seniorkoor

Baie dankie aan almal wat die koor-oudisies bygewoon het! Koorbriewe sal aan koorlede, wat die oudisies geslaag het, uitgedeel word. Daar sal geen kooroefening op 25 Februarie 2021 plaasvind nie.

Die eerste oefening sal 4 Maart 2021 wees. Leerders word in drie groepe gedeel. Sien asseblief brief vir stem-groepe.

16:00 – 16:40 Soprane
16:40 – 17:20 Mezzo
17:20 – 18:00 Alto

Let wel: Elke koorlid moet asseblief ‘n 50-sakkie “*Flip File”* aankoop vir koor en dit reeds na die eerste oefening toe saambring.

REDENAARS

Ons bring onder ons ouers se aandag dat die Super 12 Redenaars tot ‘n latere stadium in die jaar aangeskuif word. **As gevolg van hierdie verskuiwing, het die skool dit goedgedink om die Afrikaanse Interne Redenaars te skuif, na die volgende datums soos hieronder. Dit sal leerders meer tyd te gee vir voorbereiding.**

Die Afrikaanse Interne Redenaars datums vir die verskillende grade is as volg:

6 April 2021 Graad 6 & Graad 7
7 April 2021 Graad 4 & Graad 5
13 April 2021 Graad 2 & Graad 3
14 April 2021 Graad 1

Nota: Engelse Interne Redenaars sal in die tweede kwartaal plaasvind.

Graad	**Temas Afrikaans**	**Temas Engels**
Graad 1 – 3	Kaalvoet	Beauty
	Wonder	Cloud
	Fees	Boxes

Graad 4 – 5	Letters	Think
	Voetspore	Proud
	Voel	Save
	Kaalvoet	Beauty
	Wonder	Cloud
	Fees	Boxes
Graad 6 – 7	Toekoms	Toxic
	Liefhê	Trash
	Afronding	Face
	Letters	Think
	Voetspore	Proud
	Voel	Save

Tydsduur:

Die tydsduur vir toesprake is as volg:

- Graad 1 – 3 : 2 – 4 minute
- Graad 4 – 5 : 3 – 5 minute
- Graad 6 – 7 : 4 – 6 minute

Privaat persone en Instansies wat u kan kontak vir hulp met die skryf van toesprake:

- Lydia Swanepoel 073 829 0593
- Anserie Badenhorst 083 501 1913
- Ster Redenaars www.sterredenaars.co.za

Algemeen

RIEBIE KOSKAS

Die Riebies se koskas is weer leeg. Ons wil groot asseblief weer die vrymoedigheid hê om ons ouers te vra om asseblief hiermee te help, indien moontlik. Ouers kan enige dag, vanaf volgende week, nie-bederfbare produkte saam met u kind skool toe stuur.

Die volgende produkte sal welkom wees, maar u is ook welkom om enige ander nie-bederfbare produkte skool toe te stuur.

“Instant” Mieliemeel, Pasta, Rys, Koffie, Tee, Suiker, Poeiermelk, Blikkies kos (vleis, groentes en vrugte), Smere vir broodjies (Marmite, konfyt ens.), Skoonmaakmiddels en Toiletware.

Byvoorbaat dankie vir u onbaatsugtige hulp – die Riebies kan nie hierdie doen sonder u as ouers nie!

SLUITKASTE

Daar sal weer sluitkaste vir leerders in Graad 4 – Graad 7, toegeken word. Reëlings rondom die gebruik daarvan sal aan ouers en leerders gekommunikeer word.

- Ons versoek dal leerders asseblief hul slotte sal verwyder en hul sluitkaste sal leeg maak. Leerders het tot 1 Maart 2021 om dit te doen.
- Indien ‘n slot nie verwyder word nie, sal die skool die slotte op 2 Maart 2021 self knip.

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Die Riebie Rakkers is goed aan die gang en die getalle is besig om mooi toe te neem. Die toesigklasse vir huiswerk begin ook reeds die week.

Graad 1 en Graad 2 het elk twee halfuur-klasse om almal te akkommodeer.
14:15 – 14:45 en 14:45 – 15:15

Leerders word by die Naskoolsentrum afgehaal en na die huiswerkklas toe geneem. Hul word ook weer terugbesorg by die Naskoolsentrum.

Graad 3 tot Graad 7 leerders het huiswerkklas vanaf 14:15 – 15:00.
Indien leerders by sportaktiwiteite betrokke is, is daar ook ‘n tweede sessie vanaf 15:15 – 16:00.
Moedig asseblief u kind aan om die huiswerkklasse by te woon.

Kontaknommers as volg:

- Junior Naskoolsentrum : 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 01 – 05 MAART 2021

MAANDAG	Macaroni en Kaas	Broodjie en Sap
DINSDAG	Burgers	Vrug en Sap
WOENSDAG	Hoenderpastei	Broodjie en Sap
DONDERDAG	Russian en Chips / Broodjie	Vrug en Sap
VRYDAG	Kouevleis Rolletjie	Melktert en Sap

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings.